# 'N BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE SINODE VAN DIE NG KERK VRYSTAAT OP DINSDAG 17 MAART 2015 OM 09:00 BY AANDBLOEM GEMEENTE

## NOTULE

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Kragtens die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013 (Reglement van Orde) **bladsy 190 punt 1.6:**

***"Op 'n buitengewone vergadering van die Sinode of die Ring neem die voorsitter van die Moderamen of Ringskommissie die leiding vir die konstituering van die vergadering, waarna die vergadering sy eie voorsitter kies vir die afhandeling van die geslote agenda."***

Ds Helgard Janse van Rensburg is die voorsitter van die Moderamen en neem daarom genoemde verantwoordelikheid om die vergadering te konstitueer.

Die voorsitter verwelkom al die afgevaardigdes, sowel as 'n aantal besoekers by die Sinode.

Die vergadering betuig staande meegevoel met die afsterwe van ds Frans Louw van Oranjeville.

Ds Etienne Maritz van Koppies-Weltevrede word gelukgewens met sy verjaarsdag .

Die voorsitter doen 'n gebed.

### 2. KONSTITUERING

Die Geloofsbriewe word in ontvangs geneem deur die skriba en nagegaan deur die Sinodale Taakspan Kerkorde met die oog op die konstituering van die vergadering. Die voorsitter verklaar die sitting van die Buitengewone Sinode as behoorlik gekonstitueer.

### NAAMLYS VAN GEREGISTREERDE AFGEVAARDIGDES

#### RING VAN BETHLEHEM

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bethlehem-Efrata | DE Bubb | SA Redelinghuys |
| | T Lamprecht | AB Kotze (sek) |
| Bethlehem-Eureka | RCH Kemp | S Heyns |
| Bethlehem-Môrelig | JG van der Watt | GJ Swart (sr) |
| Bethlehem-Noord | - | AJ Muller |
| | | P Müller (sek) |
| Bethlehem-Oos | AJ Koenig (slegs tot 12:00) | AC van Heerden |
| | JH Hattingh (verskyn eers vanaf 12:00 ter vergadering) | CJ Klopper |
| Bethlehem-Panorama | PJ Fourie | LH Meyer |

| | | |
|---|---|---|
| Bethlehem-Wes | AP van Zyl | CC Grünewald |
| | JDK van Jaarsveld | JD Symington |
| Clarens | IAC van den Bergh | - |
| Kestell | D du Toit | CJ Blignaut |
| Witteberg | - | H Maasdorp |

**RING VAN BLOEMFONTEIN**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Aandbloem | WJ Botha | GD Scholtz |
| Andrew Murray | J Janse van Rensburg | B duP Brink |
| Bloemfontein | DV le Roux | PS Pretorius |
| Bloemfontein-Wes | V du Plessis | H Wilken |
| Gardeniapark | JH Venter | JJ Human |
| Wilgehof | WB Müller | GW Reid |

**RING VAN BLOEMFONTEIN-NOORD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Berg en Dal | GP Terblanche | PJ Nel |
| | JJ Lubbe | MA Spies (sr) (sek) |
| | G van der Watt | PJ le Roux |
| Bloemfontein-Noord | SJ van Heerden | J de Klerck (sr) |
| De Bloem | JL Smith | MJ Jacobs |
| | PJ Strauss | R Swiegelaar |
| | JFT du Plessis | GSA Niemann (sek) |
| | | ML du Plessis (sek) |
| Hugenoot | NJ Mostert | WDK Potgieter |
| | A du Toit (sr) | WF Ellis |
| Noordhoek | ZP le Roux | A van der Westhuizen (sr) |

**RING VAN BLOEMHEUWEL**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bloemheuwel | - | PJB Coetzer |
| | JA Smit | JA Brazelle |
| | | C Steinhöbel (sek) |
| Heuwelkruin | C Mitchell | HP Smit |
| | MHO Heyneman | SH Watson (sr) |
| Heuwelsig | S Spamer | NT Venter |
| | N van der Walt | IC van der Vyfer |
| | Oudl JJ Sjikibane | PF van Straten |
| Woodland Hills | A Meiring | JO Lombard |

**RING VAN BOSHOF**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Boshof | L VZ Pieters | PJ Roode |
| Bultfontein | AW Smit | AC Greyling |
| Bultfontein-Oos | CA Kotze | HP Maritz (sr) |
| Dealesville | CM Erasmus | NPJ Teubes |
| Hertzogville | CJ Odendaal | HM Linde |
| Hoopstad | JJ Louw | PA Roux |

| | | |
|---|---|---|
| | WF du Plooy | WH van Zyl |
| Soutpan | - | C Grobler (sr) |
| Wesselsbron | CM Rautenbach | HS de Jager |
| Wesselsbron-Noord | Oudl PJC van Zyl | HJJ Reyneke (sek) |

**RING VAN ESTOIRE**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bloemvallei | JH Taute | PD Marais |
| Estoire | BSR du Toit | C Nieman |
| Leeuwberg | E Botha | AJ Griesel |
| Onze Rust | MD Terblanche | PS Ferreira (sek) |
| | CP Hellmuth | JC Vorster (sek) |
| Ooshoek | S Maritz | MP Fick |
| Uitsig | H Kotzé | CL Bester |

**RING VAN FAURESMITH**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Fauresmith | C Potgieter | C du Plessis |
| Jacobsdal | PE Stander (sr) | M Jacobs |
| Jagersfontein | Oudl JF Zwiegelaar | WA du Plessis |
| Koffiefontein | HAA Bertram | WJ van Dyk (sr) |
| Luckhoff | OJ Fourie | JM Stander |
| Petrusburg | Oudl DJJ Jacobs | D Wilson |
| Philippolis | CHJ van Schalkwyk (sr) | SO Vermeulen |
| Springfontein | D Viljoen (sr) | SJ Olivier (sr) |
| Trompsburg | PC Pretorius | AJ van Schalkwyk |

**RING VAN FICKSBURG**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Clocolan | AW Rothmann | D du Toit |
| Ficksburg | W Redelinghuys | NM Bester |
| Fouriesburg | DS Meyer | E Meyer (sr) |
| | CC van Zyl | HGN Scheepers |
| Hobhouse | AMS Heymans (sr) | CE de Bruin (sr) |
| Ladybrand | DJB Kleynhans | IS Ferreira |
| Ladybrand-Noord | G Lamprecht | COC Vermeulen (sek) |
| Marquard | JC Marais | JL van der Watt |
| Thaba-Nchu-Tweespruit | G Read | JS van Zyl |

**RING VAN HARRISMITH**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Cornelia | JT Kemp | GS Botha |
| Frankfort | JT Jackson | EA Cilliers |
| | JSP Uys | JJ Bezuidenhout |
| Harrismith | GD Victor | M de Klerk (sr) |
| | PM Cockeran | SA Smuts |
| Kerkenberg | J Ries | PB Beukes |
| Memel | GJ Hugo | S Steyn |
| Tweeling | H la Grange | G van der Watt |
| Villiers | HM Janse van Rensburg | JJ Ferreira |

| | | |
|---|---|---|
| Vrede | R Gerber | JS de Villiers |
| Vrede-Wes | DH Botes | HB du Plessis |
| Warden | PCJ Nel | JA van Niekerk |

**RING VAN HEILBRON**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Heilbron | AS van Zyl | EA Hendriks (sr) |
| Heilbron-Suid | Oudl JM van Rooyen (sek) | S Orton |
| Koppies | HJ Griesel | CJ Jonker (sek) |
| Koppies-Weltevrede | EB Maritz | F Jooste |
| Oranjeville | Oudl EJ Small (sek) | NT Doyle (sr) |
| Petrus Steyn | Oudl BJ Cronjé | JJT Venter (sek) |
| Reitz | JS du Plessis | JA Kriek (sek) |
| Reitz-Wes | JJ Geyser | GJ van Wyk |
| Taaibosspruit | JJ Pienaar | - |

**RING VAN HENNENMAN**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Harmonie OVS | E Cornelissen | B Laurence (sek) |
| Hennenman | JS Haggard | JU Kruger |
| | R Strydom | DJ Jacobs |
| Virginia | J Vermeulen | FJ van Heerden |
| Virginia-Wes | HJ Conradie | JH Loots |

**RING VAN HOSPITAALPARK**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Fauna | HJ Swart | MJ Schmidt |
| Fichardtkruin | A van Staden | DJ Bredenkamp |
| | WH van Zyl | GH Fourie |
| Fichardtpark | Oudl FS Ackerman | D Strauss-Bothma (sr) |
| Hospitaalpark | GA Whitehead | HA van der Walt |
| Pellissier | FH Lamprecht | EJ Kotzé (sr) |
| | CM James | DF Langenhoven |

**RING VAN KROONSTAD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Kroonheuwel | Oudl PFB Jansen van Rensburg | - |
| Kroonheuwel-Noord | C Weideman | JJ Bouwer |
| Kroonstad | AJ Kotze | JPR Minnaar |
| Kroonstad-Noord | JP Robb | TJ de Jager |
| Kroonstad- Oos | W Venter | RD van Wyk |
| Kroonstad-Suid | JS Els | M Baumgarten |
| Kroonstad-Wes (eenwording met | JS Bouwer | WRJ Britz |
| Kroonstad-Môrewag – Jan 2015) | PJG Prinsloo | CL Steyn |

**RING VAN LINDLEY**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Arlington | Oudl OKF Bertram | JJ van Tonder |

| | | |
|---|---|---|
| Edenville | Oudl SJ Terreblanche | IA van Niekerk |
| Lindley | PJ Taljaard | JJW van den Berg |
| Paul Roux | HGVZ Smit | WJ Watson (sek) |
| Rosendal | DK Swart | Y Lombard (sr) |
| Senekal | T Oosthuyzen | LJA de Wet |
| Senekal-Noord | PR van Heerden | B Barnes |
| Steynsrus | HA Smith | JS Groenewald |

**RING VAN ODENDAALSRUS**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Allanridge | JS Wepener | DP Opperman (sek) |
| Odendaalsrus | JMG Roux | AF van den Berg |
| Odendaalsrus-Oos | J Orsmond | GH Bouwer |
| Riebeeckstad | BF Joubert | MAP Venter |
| | C Nel | AC Mans (sr) |
| Riebeeckstad-Erfdeel | PJ Louw | SW van Niekerk |

**RING VAN SASOLBURG**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Deneysville | CHT Schiel | CRJ Henning |
| Sasolburg-Fakkel | Geen afvaardiging | |
| Sasolburg-Fontein | JJ van Deventer | MG van Niekerk |
| | J Steurer | - |
| Sasolburg-Sentraal | - | PHG Kruger |
| Sasolburg-Tuinedal | Geen afvaardiging | |
| Sasolburg-Vier-Ankers | HJ Kleynhans | JI de Villiers |
| Vaalpark | DJ Pretorius | JP Matthews |
| | GJ Serfontein | J Sampson |
| Viljoensdrif | Oudl JA de Man | IJ Burger |

**RING VAN SMITHFIELD**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bethulie | MG Pienaar | IJC Jacobs |
| Dewetsdorp | - | Oudl FP Strauss |
| | | GH Pienaar (sek) |
| Edenburg | WP du Plessis | S Linström |
| Reddersburg | WA van Zyl | SJ Marais |
| Rouxville | JP Möller | HP Jordaan |
| Smithfield | W Klindt | J Mienie |
| Vanstadensrus | FJW Gottschalk | JF van Pletsen |
| Wepener | - | SP Venter |
| | | JJ van Tonder (sek) |
| Zastron | CJ Stoltz | SHF de Jager |

**RING VAN VREDEFORT**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bothaville | PJ van Jaarsveld | LA Niksch |
| | JH van Zyl | AC Botma |
| Bothaville-Noord | JH Els | HT Kotzé |
| | | JF de Beer |

| | | |
|---|---|---|
| Meyerhof | LLB Naudé | W Prinsloo (sek) |
| Parys | Oudl GJ Jordaan | A Jordaan (sr) |
| Parys-Oos | I Jonker | SJ de Jager |
| Parys-Suid | Oudl PJ Fouché | WSB Burger |
| Parys-Wes | BL van Wyk | MD du Preez |
| Schonkenville | Oudl GT Thokgoane | J van Schalkwyk |
| Vierfontein | - | LD Taljaard (sek) |
| | | AG Cronjé (sr) |
| Viljoenskroon | AP Cronjé | OJ Lessing |
| Vredefort | WJ Lötter | JD de Villiers |

**RING VAN WATERBRON**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bainsvlei | J Hamman | M van Graan (sr) |
| Langenhovenpark | AJJ Stander | PAC van Heyningen |
| Studentekerk | JC Louw | N van Zyl (sr) |
| | DA du Toit | I Theron (sr) |
| | SR Darker | PJ Strydom |
| Universitas | RR Botha | HS Wolfaardt |
| Universitasrif | WA Badenhorst | IB van der Merwe |
| Universitas-Wes | CL van der Merwe | RC Lindeque |
| Waterbron | NJ Labuschagne | CP Bartlett |

**RING VAN WELKOM**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Bedelia | PJ McLaren | WC Tubb |
| Dagbreek | RL Oliver | CS Rothman |
| St Helena | FAJ van Heerden | DN Booysen |
| Welkom | L van Zyl | JP Smit (sek) |
| Welkom-Noord | S van Schalkwyk | SF Botes |
| Welkom-Suid | LM Foot | PI Geyer |
| | NS Dicks | JH Brits (sr) |
| Welkom-Wes | JPM Maree | WJ Botes |

**RING VAN WINBURG**

| GEMEENTE | LERAAR | KERKRAADSLID |
|---|---|---|
| Brandfort | CEG Schutte | PA Pienaar |
| Brandfort-Oos | PG Smit | DR Burger |
| Excelsior | BIC Steyn | J DeB Bornman |
| Rietfontein | A Celliers | JR van Niekerk |
| Theunissen | P-S Conradie | ES Volschenk |
| Theunissen-Wes | PH Gerber | DD de Klerk |
| Ventersburg | CJ Botha | HA Fourie (sr) |
| Verkeerdevlei | PJ Kühne | SH Linde |
| Winburg | G Deysel | PJ Pienaar |

Die getal afgevaardigdes soos aangedui per geloofsbriewe: 365

Die getal afgevaardigdes wat geregistreer het (wat maw opgedaag het): 358

Die totaal afgevaardigdes ter vergadering: 358

Die kworum (die helfte + 1 van die geregistreerde afgevaardigdes volgens geloofsbrief ter vergadering): 180

Die volstrekte meerderheid is die helfte van die teenwoordiges tydens die stemming in die vergadering plus 1: 180

Die tweederdemeerderheid (vir kerkregtelike sake) is tweederdes van die teenwoordiges in die vergadering: 239

Die vergadering gaan oor tot die verkiesing van ’n voorsitter. Die hele vergadering dien as kworum.

## 3. KENNISGEWING VAN BUITENGEWONE SINODESITTING

3.1 Kragtens die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013, besluit 34.2 by Artikel 34 bladsy 20, kan die Moderamen ‘n buitengewone vergadering bepaal:

***“’n Buitengewone vergadering kan deur die Moderamen bepaal word of regstreeks of wanneer minstens vyf kerkrade uit verskillende ringe met opgaaf van redes daarvoor aansoek doen.”***

3.2 Die Skriba het op 6 Maart 2015 in Kerkbode kennis gegee van die vergadering van die Buitengewone Sinode kragtens die Kerkorde van die NG Kerk Vrystaat 2013 besluit 34.3 by Artikel 34:

***“ 'n Gewone sowel as 'n buitengewone vergadering van die Sinode word deur die skriba van die Moderamen deur middel van 'n kennisgewing in die Kerkbode byeengeroep.”***

**Besluit: Kennis geneem.**

## 4. VERKIESING VAN VOORSITTER

Reëlings oor verkiesing:

Dr Bertus Celliers is aangewys as leier van die stemopnemers.

Die personeel van die Sinodale Kerkkantoor help met opneem en tel van stembriefies.

**Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode bekragtig die aanwysing van dr Bertus Celliers as leier van die stemopnemers en dat die personeel van die Sinodale Kerkkantoor behulpsaam is met die opneem en tel van stembriewe.**

**Ds Helgard Janse van Rensburg word met ’n volstrekte meerderheid stemme tot voorsitter verkies.**

## 5. ALGEMENE SAKE

Punte 5.1 – 5.7 kan behandel word terwyl die verkiesing van die Voorsitter afgehandel word.

### 5.1 BEPALING VAN SITTINGSTYE

| | |
|---|---|
| 07:00 – 08:45 | Registrasie |
| 08:45 – 09:30 | Konstituering, opening en verwelkoming, verkiesing van voorsitter |
| 09:30 – 10:00 | Toewyding (Ds Helgard Janse van Rensburg) |
| 10:00 – 10:30 | Eenheid vir Visionering: Artikel 1 (Verslag en stemming) |
| 10:30 – 11:00 | Tee |
| 11:00 – 12:00 | Bekendmaking van stemming, besluitneming en fasilitering vir pad vorentoe |
| 12:00 – 12:15 | Gesamentlike taakspan (Moderamen en REO): Argief (Verslag oor Argief) |
| 12:15 – 12:30 | Verslag REO |
| 12:30 – 13:00 | Bekendstelling – Jubeljaar |
| 13:00 – 14:00 | Ete |
| 14:00 – 15:30 | Pastorale gesprek – Jubeljaar |
| 15:30 – 16:00 | Tee |
| 16:00 – 16:15 | Besluitneming Jubeljaar |
| 16:15 – 16:30 | Afsluiting |

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

**Die Sinode keur die sittingstye goed.**

## 5.2 KOSTE SINODE

Die Moderamen het geoordeel dat in die lig van die Kerk se finansiële omstandighede, die koste van die buitengewone sinodesitting so laag as moontlik gehou moet word. Daarom is besluit om nie daggeld uit te betaal nie, maar om wel voorsiening te maak vir 'n ligte middagete. Die kantoor van die Direkteur: Eenheid en Ondersteuning, het 'n kosteberekening van die Sinode gemaak en so vasgestel dat elke gemeente R150 per afgevaardigde moet bydra.

**Besluit: Goedgekeur.**

**Die Sinode keur die bedrag van R150 per afgevaardigde per gemeente goed.**

## 5.3 REISKOSTE

Reiskoste vir een motor per gemeente (landelike en hoewe-gemeentes) teen R1.50 per kilometer-tarief sal uitbetaal word.

**Besluit: Goedgekeur.**

1. **Die Sinode besluit dat reiskoste vir afgevaardigdes buite Bloemfontein teen R1.50 per km vir die retoerrit betaal sal word.**
2. **Reiskoste word slegs uitbetaal vir een voertuig per gemeente.**

## 5.4 BENOEMING VAN 'N NOTULEKOMMISSIE

Di Johann Kemp (Cornelia), Arno Kotze (Bultfontein-Oos) en Mias van Jaarsveld (Bethlehem-Wes) en Anneri du Toit (Hugenoot) is benoem as Notulekommissie.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

**Die Sinode keur goed dat die skriba vir di Johann Kemp (Cornelia), Arno Kotze (Bultfontein-Oos), Mias van Jaarsveld (Bethlehem-Wes) en Anneri du Toit (Hugenoot) benoem het om in die Notulekommissie te dien.**

## 5.5 SPREEKBEURTE VANAF MIKROFONE

Afgevaardigdes wat 'n spreekbeurt wil hê, moet van die mikrofone op die vloer van die saal gebruik maak. U moet voordat die punt waaroor u wil praat aan die orde gestel word, reeds u plek by 'n mikrofoon inneem en wag op 'n spreekbeurt.

**Besluit: Goedgekeur soos gewysig.**

1. **Die Sinode besluit dat spreekbeurte vir voorstellers van 'n bepaalde punt, tot vyf minute beperk word.**
2. **Die Sinode besluit dat sprekers wat aan 'n debat deelneem, se spreekbeurt tot drie minute beperk word.**

## 5.6 VOORSTELLE EN AMENDEMENTE

Voorstelle en amendemente word deur middel van 'n digitale projektor op 'n skerm geprojekteer sodat dit sigbaar is vir alle afgevaardigdes. Afgevaardigdes wat voorstelle of amendemente wil indien, moet dit op die amptelike vorm wat daarvoor voorsien word, doen en betyds by die Notulekommissie inhandig om op rekenaar geplaas te word.

**Aanbeveling: Goedgekeur.**

1. **Die Sinode besluit dat slegs voorstelle en amendemente wat op die amptelike vorms uitgeskryf is, ontvanklik is.**
2. **Die Sinode versoek elke indiener van 'n voorstel of amendement om betyds (voordat die punt aan die orde gestel word), die voorstel of amendement by die Notulekommissie in te dien.**
3. **Die Sinode gee opdrag aan die Notulekommissie om elke voorstel of amendement te nommer met die oog daarop dat dit in die rekenaar ingesleutel kan word en wanneer dit aan die orde gestel word, deur middel van die digitale projektor op die skerm geprojekteer kan word. 'n Kopie daarvan moet aan die voorsteller oorhandig word vir gebruik wanneer sy/haar voorstel of amendement dien.**

**4. Die Sinode besluit dat die Notulekommissie die voorstel of amendement voordat dit behandel word, aan die voorsitter moet oorhandig vir die behandeling daarvan, waarna hy dit weer op sy beurt aan die skriba oorhandig om in die notule opgeneem te word.**

## 5.7 ONDERTEKENING VAN DIE NOTULE

**Aanbeveling: Goedgekeur soos gewysig. Die Sinode besluit dat die verkose voorsitter en die skriba, die notule ná goedkeuring deur die Moderamen, namens die vergadering moet onderteken.**

**TOEWYDINGSGELEENTHEID:**

**Ds Helgard Janse van Rensburg, dr Gretha Heymans en ds Jacques Louw neem leiding met die toewydingsgeleentheid.**

## 6. SAKE VIR DIE AGENDA

## 6.1 EENHEID VIR VISIONERING – ARTIKEL 1

Die Eenheid vir Visionering lê die volgende verslag aan u voor:

Die Sinode het by 'n spesiale vergadering op 29 Julie 2014 die nodige stukke van die Algemene Sinode se aanbevelings rondom Artikel 1 van die Kerkorde in ontvangs geneem en deurgegee na gemeentes. Die Moderamen het 'n verduidelikende dokument opgestel en vir gemeentes beskikbaar gestel sodat al die nodige prosedures noukeurig gevolg kon word.

Die Moderamen het gedurende die proses kennis geneem van verskeie individue, kerkrade en groeperings wat een of ander besorgdheid oor die proses gehad het. Elke saak is binne die vermoë van die Moderamen met erns, deernis en begrip hanteer en waar nodig, is gepoog om versoening te bewerkstellig.

Die Moderamen het besluit dat alle huidige lidmate ongeag hulle persoonlike standpunt oor die Belharbelydenis en ongeag die uitkoms van die stemproses oor Artikel 1, sonder voorbehoud welkom is in die Kerk en dat die Sinode versoek sal word om hierdie standpunt te onderskryf.

Die Moderamen het ook bevestig dat die NG Kerk Vrystaat verbind is om konstruktief betrokke te wees by die genesing en die opbou van die land.

**STATISTIEK EN DATA DEUR SKRIBA VERSKAF:**




Stempersentasie
50
45
40
35
30
25
20
15
10
5
0
36
25
13
29
37
25
38
30
44
36
20
18
28
39
22
15
36
35
12
28
43
Betlehem
Bloemfontein
Bloemfontein-Noord
Bloemheuwel
Boshof
Estoire
Fauresmith
Ficksburg
Harrismith
Heilbron
Henneman
Hospitaalpark
Kroonstad
Lindley
Odendalsrus
Sasolburg
Smithfield
Vredefort
Waterbron
Welkom
Winburg


Kerkrade se stemming oor Artikel 1
13%
6%
7%
74%
KR Nee 67-100
Kr Nee 50-66
Kr Ja 50-66
Kr Ja 67-100


Lidmate se stemming oor Artikel 1
11%
10%
9%
70%
LM Nee 67-100
LM Nee 50-66
LM Ja 50-66
LM Ja 67-100

**INLIGTING VAN BELANG – STEMPERSENTASIE:**

- Uit 82 417 belydende lidmate het 22 116 lidmate gestem
- Stempersentasie 27%
- 2 gemeentes het nie deelgeneem nie
- 10 gemeentes het 'n stempersentasie laer as 10%
- 18 gemeentes het 'n stempersentasie tussen 11-20%
- Aantal gemeentes wat 100% ten gunste van verandering van Artikel 1 gestem het: 1
- Aantal kerkrade wat 100% ten gunste van verandering van Artikel 1 gestem het: 5
- Aantal gemeentes wat 100% teen verandering van Artikel 1 gestem het: 11
- Aantal kerkrade wat 100% teen verandering van Artikel 1 gestem het: 36
- Aantal gemeentes waar Kerkrade en gemeentes met tweederde meerderheid ten gunste van verandering van Artikel 1 gestem het: 8
- 6 gemeentes het geen finale stemming uitgebring nie

Die Sinode neem kennis van die inleidende paragraaf, sowel as statistiek en data soos verskaf deur die skriba.

1. Aanbeveling: Nie goedgekeur.

Die Sinode betuig sy dank en waardering aan die lede van die Interimkomitee wat groot moeite gedoen het met die administrasie van die Artikel 1-proses in die Vrystaat.

**Amendement: Goedgekeur.**

**Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat spreek sy dank uit teenoor die Interimkomitee van die Moderamen, ringskribas en ander leraars en kerkraadslede wat betrokke was by die administrasie en begeleiding van die proses rondom die wysiging van Artikel 1.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

**2. Aanbeveling: Goedgekeur soos gewysig.**

**Die Sinode gee erkenning aan die gegewe dat daar diversiteit op vele vlakke in ons kerk is wat verskillende standpunte oor die wysiging van Artikel 1 en die Belydenis van Belhar insluit en verbind haar daartoe om steeds die wil van die Here in dit alles te soek.**

3. Aanbeveling: Nie goedgekeur.

Die Sinode aanvaar lidmate en leraars se opregte worsteling met die aanbeveling van die Algemene Sinode oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde en dat elkeen eerlik volgens hulle oortuigings gestem het.

**Amendement: Goedgekeur.**

**Die Sinode is oortuig dat kerkrade erns gemaak het met hul besluitneming oor die voorgestelde wysiging van Artikel 1.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

4. Aanbeveling: Nie goedgekeur.

Die Sinode omhels die verskeidenheid van standpunte met die liefde van die Here, ongeag die uitkoms van die Artikel 1-proses. Ons is 'n dinamiese, dienende kerk wat almal opreg soek na God se wil. Die Sinode erken met dankbaarheid elke lidmaat, leraar en gemeente se deelname aan die proses.

**Amendement: Goedgekeur.**

**Die Sinode verbind haar in hierdie Jubeljaar van die NG Kerk Vrystaat, tot die herstel van ons onderlinge verhoudinge binne die NG Kerk, deur onder andere in liefde ruimte te maak vir lidmate, ampsdraers en gemeentes wat wél die Belydenis van Belhar as in ooreenstemming met die Woord van God onderskryf.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

**5. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode boekstaaf sy vertroue dat die Here 'n wonderlike toekoms vir die NG Kerk Vrystaat sal voorsien, saam met alle Christene in Suid-Afrika en die wêreld en verbind haarself tot hierdie toekoms.**

6. Aanbeveling: Nie goedgekeur.

Die Sinode neem kennis dat 149 gemeentes teen die wysing van Artikel 1 van die Kerkorde gestem het terwyl, agt gemeentes ten gunste van die wysiging van Artikel 1 gestem het.

**Amendement: Goedgekeur.**

**Die Sinode neem kennis van die verslag soos deur die skriba voorgehou en keur goed dat dit so aan die Algemene Sinode deurgegee word.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

**7. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode gaan oor tot stemming oor die wysiging van Artikel 1 van die Kerkorde van die Ned Geref Kerk soos versoek deur die Algemene Sinode.**

| **Stemontleding:** |
|---|
| **Persone geregistreer - 358** |
| **Naamstrokies ontvang - 353** |
| **Stembriewe ontvang - 351** |

| **Uitslag van stemproses:** |
|---|
| **Bedorwe stembriewe - 2** |
| **Stembriewe nie ontvang - 7** |
| **Ja-stemme - 109 = 32%** |
| **Nee-stemme - 240 = 68%** |

**8. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die NG Kerk Vrystaat bly verbind daartoe om te bid en te werk vir sigbare eenheid, ware versoening in Christus en deernisvolle geregtigheid in kerk en samelewing en om te help soek na 'n model vir 'n formele kerkverband wat hieraan uitdrukking sal gee wat wyd aanvaarbaar sal wees.**

**9. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode dra dit aan kerkrade op om met deernis en begrip versoening tussen lidmate te bevorder en gemeentelede aan te moedig om in opregte liefde vir die Here, sy Kerk en mekaar en in respek en vertroue hande te vat, sodat ons as een kerk met 'n verskeidenheid lidmate, sáám ons roeping kan uitleef.**

10. Aanbeveling: Nie goedgekeur.

Die Sinode moedig gemeentes aan om op innoverende wyses, samewerking met die VGK, NGKA, RCA, NHK, GKSA en ander kerke te soek en ooreenkomste aan te gaan, om sodoende uitdrukking te gee aan die een liggaam van Christus, om só ook gesamentlik 'n positiewe bydrae te maak in die opbou van ons land.

**Amendement: Goedgekeur.**

- **Die Sinode verklaar dat sy verbind is aan die Verenigende Gereformeerde Kerk, die NG Kerk in Afrika en die Reformed Church in Africa en dat ons daadwerklik wil soek na groter uitdrukking van ons eenheid in Christus, om só ook saam 'n getuienis uit te dra ten opsigte van die herstel van ons landstreek en lewenskwaliteit in die Vrystaat.**
- **Die Sinode moedig daarom gemeentes, kerkrade en ringe aan om op innoverende wyses samewerking te soek met gemeentes binne die NG-familie én met ander kerke, soos onder andere die Ned Hervormde Kerk, die Geref Kerke en die AP Kerk, in belang van die bediening van die Woord van God en tot sy eer in elke plaaslike konteks.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

**11. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode gee opdrag aan die Sinodale Taakspan Kerkorde (STK), om weë te soek wat dit kerkordelik moontlik sal maak dat eenheidstrukture op gemeentevlak en op ringsvlak tot stand kan kom, in gevalle waar gemeentes en ringe daarvoor gereed raak en die Sinode hieroor met verslag en aanbevelings te bedien.**

**11.1. Voorstel: Goedgekeur.**

**Die Sinode versoek die Algemene Sinode om ander gestaltes van kerkeenheid te ondersoek.**

**Voorsteller:** Dr DH Botes

**Sekondant:** Dr HJ Kleynhans

**11.2. Voorstel: Goedgekeur.**

**Die Sinode besluit:**

- **om 'n Taakspan aan te wys om binne die begroting, 'n openhartige gesprek in die sinodale verband te fasiliteer oor die kwessies van eenheid, versoening, geregtigheid en menswaardigheid, asook die NG Kerk Vrystaat se identiteit en roeping in ons huidige konteks, met deurlopende verslag aan die Eenheid vir Visionering en 'n uiteindelike verslag aan die volgende Sinode (2017);**
- **versoek hierdie Taakspan om spesifiek ook met 'n jonger generasie lidmate, kerkraadslede en leraars in gesprek te tree.**

**Voorsteller:** Ds JJ Lubbe

**Sekondant:** Oudl WF Ellis

**12. Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode versoek gemeentes en lidmate om te volhard in gebed vir die Vrystaat Sinode, die gemeentes in die Vrystaat en die wyer kerkverband, die komende buitengewone vergaderings van ander sinodes, asook die Algemene Sinode wat in 2015 vergader.**

Dr Ben Joubert tree as fasiliteerder op oor die afhandeling van Artikel 1 en die pad vorentoe.

## 6.2 GESAMENTLIKE TAAKSPAN ARGIEF (MODERAMEN EN REO)

Die Gesamentlike Taakspan Argief lê die volgende verslag aan die Sinode voor:

**Oorsig oor gebeure:**

Ingevolge die Kerkorde is die bestuur van die Argief die verantwoordelikheid van die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning (REO), (verwys na Kerkorde bl 189).

Met die verkoop van die Sinodale Sentrum in St Andrewstraat is die argivalia voorlopig ten duurste gestoor by *InfoFile* totdat 'n meer permanente oplossing gevind kon word.

Die REO het oor tyd verskeie opsies oorweeg, onder meer om die Argief by die Universiteit van die Vrystaat se biblioteek te plaas, dit na die kerkargief in Stellenbosch te stuur, die Bybelhuisgebou in Bloemfontein te omskep, die kerksaal van Bloemfontein-Wes gemeente te omskep, 'n nuwe gebou op te rig by die Dam van Trane, 'n nuwe gebou op te rig op die terrein van die Kovsiekampuskerk en om 'n nuwe gebou op te rig op die terrein wat tans vir die Sinodale kantore gebruik word.

By die Buitengewone Sinodesitting van 29 Julie 2014, het die REO 'n aanbeveling gedien dat die Argief sal skuif na Stellenbosch. Die oorwegings hiervoor was merendeels finansieel en materieel van aard, met ander woorde koste en die veiligheid van die argivalia (verwys asseblief na die sakelys en notule van daardie vergadering vir verdere agtergrondinligting).

Hierdie aanbeveling van die REO het ter vergadering groot teenkanting gekry van die vloer af deur 'n paar lede. Daar is verskeie standpunte geneem wat ondermeer 'n gevoel weerspieël het dat die besluit nie net bloot monetêr gebaseer kan wees nie. Die Sinode het toe 'n ad hoc-komitee aangewys, met volmag om die saak af te handel, bestaande uit die lede van die Moderamen en die REO.

Hierdie komitee het vergader onder voorsitterskap van die voorsitter van die Moderamen en lede van die vorige Argiefkommissie en enkele individue wat sterk oor die Argief voel, was ook teenwoordig.

Die vergadering het na lang bespreking geoordeel dat die aangeleentheid nie alleen op suiwer monetêre gronde gefinaliseer kan word nie en dat die Argief die hartsgoed van die Vrystaatse Kerk is wat liefs in die Vrystaat onder beheer van die Vrystaatse Kerk moet bly.

Gevolglik is besluit dat 'n nuwe Argief gebou sal word aan die suidekant van die huidige Sinodale Sentrum te Van Heerdenstraat 20. Een lid van die vergadering het sy stem in die minderheid laat aanteken vanweë die finansiële aspek.

**Finansiële oorwegings:**

Die Sinodale gebou is vir R23 miljoen verkoop, waarvan baie teruggegee is aan gemeentes en niks aan geboue bestee is nie.

Die koste vir die nuwe Argief is effektief R1.7 miljoen. Dit is boukoste van R2.54 miljoen, minus R800 000 kapitaalkoste van die ander alternatief. Die netto addisionele koste is dus net R1.74 miljoen.

Om 'n eenmalige R1.74 miljoen uit R23 miljoen terug te sit in geboue, is minimaal.

Die lopende koste van die Argief was nog altyd daar. Dit is dus nie ’n nuwe addisionele koste nie, maar ’n voortsetting van lang bestaande kostes.

Omdat die ad hoc-komitee volmag gehad het, is daar reeds koste aangegaan vir argitekfooie en ander aanvangskostes.

**Besluit: Goedgekeur.**

**Die Sinode keur die optrede van die Moderamen en die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning goed.**

## 6.3 DIE RAAD VAN DIE EENHEID VIR ONDERSTEUNING

Die Raad vir eenheid vir ondersteuning lê die volgende verslag aan die Sinode voor:

### 6.3.1 MEDIESE SKEMA LIDMAATSKAP – DR LM FOOT

Alle predikante van die NG Kerk Vrystaat is volgens besluit van die Sinode verplig om aan die skema deel te neem - die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013, p 215, 7.5.

**Aanbeveling: Goedgekeur soos gewysig.**

1. **Die Raad van die Eenheid vir Ondersteuning gee kennis van revisie van die Kerkordebepaling insake verpligte mediese skema lidmaatskap: Die Kerkorde NG Kerk Vrystaat 2013, p 215, 7.5: Alle predikante van die NG Kerk Vrystaat is volgens besluit van die Sinode verplig om aan die skema deel te neem.**
2. **Die Sinode herroep die staande besluit oor verpligte mediese skema lidmaatskap.**
3. **Die Sinode besluit om voort te gaan met 'n amptelike verbintenis tot 'n mediese fonds waarby leraars en emeriti kan aansluit. Hierdie verbintenis is onderhewig aan die voortdurende evaluering van die finansiële implikasies wat die verbintenis vir gemeentes en die lede inhou.**

### 6.3.2 JAARLIKSE BEKENDMAKING VAN RIGLYNE VAN ALGEMENE SINODE TEN OPSIGTE VAN VERGOEDINGSPAKKETTE – DR PJ VAN JAARSVELD

**Aanbeveling: Goedgekeur soos gewysig.**

**Die Sinode besluit dat die skrywe wat jaarliks van die Algemene Sinode ten opsigte van die vergoedingspakkette van predikante, aan gemeentes gestuur word, nie meer aan die gemeentes gestuur gaan word nie, maar dat ‘n omvattende skrywe vanuit die Kantoor van die Direkteur: Eenheid vir Ondersteuning aan gemeentes versprei sal word.**

## 6.4 JUBELJAAR

Komplimentêre kopieë van die feeskalender is deur die skriba van die Sinode aan Jana Marx (Redakteur), dr Gerdrie van der Merwe (Geskiedskrywer) en ds Helgard Janse van Rensburg (Voorsitter Sinode), oorhandig.

Die Eenheid vir Visionering lê die volgende verslag oor die Jubeljaar aan die Sinode voor:

### 6.4.1 Dokument 1 - vir gemeentes:

**DIE NG KERK VRYSTAAT: 150 JAAR ONBLUSBAAR!**

**2015 is nie sommer 'n gewone jaar op die NG Kerk Vrystaat se kalender nie - ons vier JUBELJAAR!**

***Jubeljaar*: van toeka...**

Die viering van ‘n *Jubeljaar*, of *hersteljaar* kom hoofsaaklik in Levitikus 25 voor as een van die voorskrifte aan die Israeliete, terwyl hulle onderweg na die Beloofde Land was. Elke sewende jaar sou ‘n sabbatsjaar wees; 'n

jaar waarin landerye nie bewerk is nie, daar nie geplant of geoes is nie en die wingerde nie gesnoei is nie. Hierdie sewende jaar was 'n *algehele rus vir die land* (Levitikus 25:5-7) en het vir die grond, die plante, die diere en die mense gegeld.

Ná sewe sabbatsjare (ná nege-en-veertig jaar) moes die ramshorings op die sewende dag van die tiende maand geblaas word. Dit was die jaarlikse Groot Versoendag (Levitikus 16) en die vyftigste landbouseisoen is as die *Jubeljaar* aangekondig. Hierdie *Jubeljaar* was 'n jaar van *herstel* vir elke Isrealiet; 'n *gewyde jaar*. In die kerkgeskiedenis het die Rooms-Katolieke Kerk tweemaal 'n *Jubeljaar* aangekondig: in 1300 in die Middeleeue en in die jaar 2000.

## ...tot nou...

Die boodskap van só 'n *Jubeljaar* is die koms van Jesus Christus as Verlosser en Heiland vir 'n wêreld in nood. Christus het die genadejaar uit elke vorm van slawerny kom aankondig. Hy is sélf die Weg, die Waarheid en die Lewe, die Brood vir die lewe; die Ware Wingerdstok en die Goeie Herder.

Die handhawing en herstel van geregtigheid was daarom een van die hooftemas in die optrede van die profete in Israel (sien Miga 2). Dit het daartoe gelei dat Jesus Christus – die Messias – sélf die boekrol van Jesaja in die sinagoge van Nasaret oopgemaak het:

*Die Gees van die Here is op My... om die genadejaar van die Here aan te kondig.* - Lukas 4:19 / Jesaja 61

God se Seun het hierdie genadetyd in God se heerskappy kom aankondig en dit spesifiek aan die armes, gevangenes, blindes en onderdruktes gerig.

## 'n Tyd van herstel lei dan ook na 'n tyd vir groot blydskap…

Hierdie herstel fokus veral op twee dinge:

- ✓ **die herstel van jou identiteit en menswaardigheid as lid van die volk van God (ook vandag!)**

*elke Israeliet moet sy grond terugkry en mag na sy familie toe teruggaan.* - Levitikus 25:10

*Uit eerbied vir God mag julle mekaar nie uitbuit nie. Ek is die Here julle God.* - Levitikus 25:17

- ✓ **die herstel van jou lewensruimte. Die kern van elke Israeliet se bestaan was om land te besit:**

*elke Israeliet moet sy grond terugkry en mag na sy familie toe teruggaan* - Levitikus 25:10

*Geen grond mag permanent verkoop word nie, want die land behoort aan My. Julle is slegs vreemdelinge en bywoners by My* - Levitikus 25:17

Dáárom skryf Levitikus 25 ook spesifieke riglyne voor, selfs tot in die bepaling van die prys van grond en die hantering van skuld - alles vir die herstel van menswaardigheid en lewensruimte vir almal in Israel.

*Uit eerbied vir jou God moet jy jou mede-Israeliet by jou aan die lewe hou.* -

Levitikus 25:36

### Hoe raak dit MY?

Die *Jubel-* of *hersteljaar* het te doen gehad met die herstel van God se heerskappy oor sy volk en land, met ander woorde 'n herstel van die *Godsregering*. Hy is die God wat regeer; wat getrou, regverdig en sonder onreg is (Deuternomium 32:4).

'n Geloofsgemeenskap wat sy heerskappy ernstig opneem, kan daarom nie ánders as om draers van die boodskap van herstel en geregtigheid te wees nie. WORD die ruimte waarin daardie herstel bemiddel, ontvang en uitgeleef word!

### Ons is ONBLUSBAAR!

In 2015 gaan die *NG Kerk Vrystaat* in die gees van die christelike evangelie haar derde *Jubeljaar* gedenk. Dit gaan 'n jaar van vreugde en dankbaarheid wees omdat die heerskappy van Jesus Christus oor elke deel van ons lewe aangekondig en sigbaar gemaak word.

### Die ses fokusareas tydens die Jubeljaar:

- ✓ geestelike verdieping en teologiese visionering in die kerklike leierskap, insluitend alle leraars en kerkraadslede;
- ✓ 'n daadwerklike poging om die veranderende sosio-ekonomiese werklikheid waarin die NG Kerkverband in die Vrystaat haar bevind, aan te speek;

- ✓ aandag aan die ekonomie van ekologie te gee;
- ✓ die ontsluiting van 'n digitale kultuur in die NG Kerk Vrystaat en hulp aan gemeentes daarmee;
- ✓ sigbare vordering op die weg na eenheid, versoening en geregtigheid te maak; en
- ✓ te help in die verdieping van ons kerkbegrip en transformasie van ons kerkwees.

### 6.4.2 Dokument 2 - vir die jeug:

## Die NG Kerk Vrystaat : 150 jaar – onblusbaar!

### Die NG Kerk Vrystaat verjaar – dis JUBELJAAR!

**Hoekom noem ons dit 'Jubeljaar'?**

'n Mens lees eerste van die *Jubeljaar* in die Ou Testament. God het aan die Israeliete die opdrag gegee om *Jubeljaar* te vier, terwyl hulle nog op pad was na die Beloofde Land (Levitikus 25). Van toe af was elke 50ste jaar 'n *Jubeljaar* en dit het beteken dat die Israeliete vir 'n hele jaar moes rus. Duisende jare later was Jesus Christus in Nasaret en het Hy die mense weer kom herinner aan hierdie *Jubeljaar* - lees 'n bietjie wat sê Hy in Lukas 4:18-19. Die *Jubeljaar* het dus weer begin toe Hy vir ons sondes aan die kruis gesterf het en uit die dood opgestaan het.

**Die Jubeljaar laat my dink:**

- Wie is ek?
- Wie wil God hê moet ek wees?
- Waar wil God my gebruik?

**Ons kan tog nie soos die Israeliete in die Ou Testament vir 'n hele jaar rus nie... Hoe hou 'n mens Jubeljaar in 2015?**

- 'Rus' beteken eintlik 'geestelike rus'. Word stil en besef watter groot prys God se Seun vir ons sondes betaal het. Is jy al opgewonde? Welkom dan by die res van die kerke wat regmaak vir 'n GROOT PARTYTJIE hierdie jaar!
- Die *Jubeljaar* is egter nie net *fun and games* nie – dit word ook 'n *hersteljaar* genoem. Net soos Jesus ons stukkende lewens herstel en gesondmaak, moet ons saamwerk om ander mense te laat gesond word. Ons moet onthou dat daar mense daarbuite is wat Jesus se liefde nodig het en dat dit ons werk is om aan hulle daardie liefde te bring.

**Die *Jubeljaar* herinner my WIE ek is, want Jesus Christus het MET SY LEWE vir my betaal!**

**Wat is belangrik vir die kerk hierdie jaar?**

- Gesonde dominees en gesonde gemeentes.
- Uitreike na ons naaste.
- Om die natuur te bewaar en ons fokus spesifiek op water.
- JEUG, JEUG en weereens JEUG!
- Om by mekaar te leer.

Haal nou jou selfoon uit en *JOIN* ons *event page* op *Facebook* om eerste te weet van al die *cool* jeugaktiwiteite hierdie jaar!

**Aanbeveling: Goedgekeur.**

**Die Sinode neem beide dokumente in ontvangs.**

## 7. AFSLUITING

Dr Ben Joubert sluit die vergadering af met gebed en die Sinode sing daarna die Feeslied, asook die Onse Vader.

**Hierdie notule is goedgekeur en onderteken op 'n vergadering gehou te Bloemfontein op**

**..... 2015.**

**VOORSITTER:** **_____**

**SKRIBA:** **_____**